



GEBED VIR

Verlossing

Afrikaans

Jesus – En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie. (Han. 4:12)!

Hierdie maand doen ons 'n beroep op ons Vader om sy verlossing uit te stuur. Terwyl ons bid deur die verlossings-gefokusde gebedsversoeke vir baie nasies in die meegaande kalender, roep ons uit tot God om die oë oop te maak van die geestelik blindes, om diegene wakker te maak wat ongevoelig is teenoor die dinge van God, om die moedeloses aan te moedig, om ons te red van die binding van vrees, om ons geloof te vergroot en ons VRY te maak.

God se groot geskenk van verlossing is die antwoord op ons sonde probleem en skeiding van God. Sy geregtigheid eis dat Hy sonde straf, maar hierdie selfde geregtigheid is bevredig deur die opofferende dood van Jesus namens ons. Jesus se dood het vergifnis en vryheid vir almal wat glo gekoop.

Soos Paulus verkondig, “Hy het ons verlos, nie op grond van wat ons gedoen het vir ons vryspraak nie, maar slegs op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy vermag deur die reiniging van die weergeboorte en deur die Heilige Gees wat ons vernuwe.” (Titus 3:5-6). Wat 'n ongelooflike geskenk! Roep na die Here vir die verlossing van julle geliefdes, vir julle verlorene, vir julle bure en vriende, en vir julle volk. Bid dat hulle sal bekeer van hulle sonde en uitroep in geloof tot ons magtige Redder!

Maar God stop nie by ons verlossing nie – Hy wil hê ons verhouding met Hom moet 'n lewe soos syne voortbring, waar vryheid in elke deel van ons lewens vloei. Dikwels vind ons dat ons opsetlik sondig, worstel met ons gedagtes of gespanne en moedeloos voel. Sy Woord wys ons hoe om ons rug te draai op goddelose, wêreldse begeerlikhede en hoe om 'n God-gevulde, God-vererende lewe te lei. (Titus 2:11-14).

Daar is mag in die naam van Jesus om elke ketting wat ons bind te breek. Gee julle gebroke harte en gebroke verhoudings aan God. Gee in gehoorsaamheid toe aan Hom. Laat Sy verlossing vloei in elke deel van jou lewe – moenie terughou van God nie – gee alles aan Hom oor. Ons wend ons na ons God wat ons red en ons vul met Sy vreugde terwyl ons ons onderwerp aan Hom.

Die HERE leef! Ek prys my Rots! Ek loof God, rots van my redding! Psalm 18:46.

<p>1. Vader, laat die harte van ongelowiges wat na die Indoenesiese en Javaanse Vroue van Hoop-programme luister, nie net die praktiese gesondheidsinligting begeer nie, maar ook die geestelike deel aan gryp, waarin die liefde van Jesus gedeel word.</p>	<p>2. Dankie God, dat U die nederige begin van ons nuwe Serwiese gebedsgroep seën. Ons bid dat hulle binnekort in staat sal wees om Vroue van Hoop-programme daar te kan uitsaai om die harte van vroue te verkwik soos reën op droë grond.</p>	<p>3. Vader, sal U elke Albanese vrou genees en na Uself trek wat by mensehandel betrokke is en wat Hidden Treasures-programme en sonaangedrewe radios ontvang het? Ons bid dat hulle sal hunker om U te leer ken en U liefde te vind.</p>
<p>4. O Here, ons vra U om jong vroue te roep en inspireer om deel te neem aan die TWR Vroue van Hoop-bediening in Finland. Ons loof U vir die honderde mans en vroue daar wat toegewy is tot hierdie bediening.</p>	<p>5. Ons bid dat ons nie skaam sal wees vir die evangelie nie, want dit is U magtige wyse van verlossing vir almal wat glo. Help ons om van U evangelie boodskap te praat sowel as om dit uit te leef in ons lewens. (Rom. 1:16)</p>	<p>6. Vader, beweeg in die harte van die Oekraïense Christene om U begeertes en prioriteite aan te neem en om betrokke te wees om hulle gemeenskappe te bereik met die verlossende boodskap van Jesus Christus.</p>
<p>7. Liewe Here, moedig Serwiese vroue aan om vas te hou aan hoop ten spyte van hulle moeilike lewens en om te fokus op die goeie nuus van verlossing en die seëninge wat kom van die soeke na U ewige dinge.</p>	<p>8. Ons bid dat vroue in Afrika U alleen sal dien, Vader, en hierdie gefokusde toewyding aan hulle kinders sal leer en uitbeeld. "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie" (Eks. 20:3).</p>	<p>9. Here, ons bid dat die mense van Frankryk hulle na U sal wend as die finale antwoord op hulle probleme eerder as om oproer te maak in die strate oor regeringsbesluite en hulle te kwel oor gewasse wat verlore gaan in warm weer en droogte.</p>
<p>10. Ons bid dat Noorweegse vroue weg sal draai van die verloklikheid van rykdom en die spanning wat daarmee gepaard gaan en U eerste sal soek. Wen die harte van diegene wat wegdraai van hulle Christengeloof en bring hulle in 'n regte verhouding met U.</p>	<p>11. Vader, so baie Tamil dorpsvroue gryp hekserie, toordery en bygelowige oortuigings aan. Sal U hulle blinde oë oop maak vir die verlossende kennis van Jesus Christus en maak hulle vry.</p>	<p>12. Ons vra, Here, dat U die getal TWR Vroue van Hoop gebedsgroepe in Duitsland vermeerder en dat hulle betrokke sal wees in gebed vir en bediening van die buitelanders wat daar woon.</p>
<p>13. Ons bid dat mense sal verstaan dat ons gered is uit genade deur geloof, en dit is nie uit onself of ons werke nie, maar U kosbare gawe alleen, o God! (Ef. 2:8-9).</p>	<p>14. Here sal U opregte vriendskappe skep tussen Suid-Koreaanse Christene en Noord-Koreaanse vlugtlinge terwyl U kinders die liefde van Jesus deel en in die daaglikse behoeftes van hierdie ballinge voorsien.</p>	<p>15. Ons bid vir die verlossing van al die vroue in ons lewens, Vader, en vra dat U geloof in hulle harte sal skep as ons hulle voor U bring in ononderbroke voorbedding.</p>
<p>16. God, ons bid dat mans en vroue hulle lewens sal oorgee aan Jesus Christus, want wanneer hulle dit doen, word hulle nuut. Die ou lewe is weg; 'n nuwe lewe het begin! (2 Kor. 5:17)</p>	<p>17. Reik uit, Vader, na die mense in Finland wat soek na die grondliggende betekenis van die lewe; mag hulle U vind. Versterk Christene om sterk getuies te wees en om te wandel volgens U Woord.</p>	<p>18. God, ons verbly ons in hoe U TWR Vroue van Hoop gebruik om U liefde te openbaar aan vroue wêreldwyd. Sal U selfs meer deure open vir Kanadese vroue om te deel oor die liefde van Christus?</p>
<p>19. Here, sal U verlossing en 'n groter begrip van U bring aan die Romeense vroue gevangenes wat toneelspeel in of toeskouers is van die TWR Vroue van Hoop Kersdrama wat by die tronk opgevoer word?</p>	<p>20. God, sal U TWR Vroue van Hoop-gebedsgroepe vestig uit elke nasionaliteits agtergrond binne Swede! Bemoedig en stel elke groep in staat om uit te reik na vroue in Jesus se naam.</p>	<p>21. Vader, ons bid dat mans en vroue in Jesus sal glo, want wie ookal glo sal nie vergaan nie, maar het die ewige lewe. Dankie vir U liefde en geskenk van Jesus, ons Verlosser. (Joh. 3:16)</p>
<p>22. Ons oë is op U hierdie Kersgety Here, as ons bid vir verlossing van ongelowiges wat nadink oor die verhaal van God wat aarde toe gekom het in menslike vorm.</p>	<p>23. Vader, ons bid vir Moslem-vlugtlinge in Duitsland om Jesus te leer ken as hulle Verlosser en om in te skakel by <i>Vroue van Hoop</i>-programme op die internet.</p>	<p>24. Here, ons bid dat terwyl Afrika-vroue U waarheid aangryp en hulle lewens oorgee aan U alleen, hulle vrygemaak sal word van hul vrees wat met ander geloofsoortuigings saam gaan.</p>
<p>25. Vader, ons bid dat mense sal verstaan dat Jesus die weg, die waarheid en die lewe is en dat niemand na U kom nie behalwe deur u Seun nie. (Joh. 14:6)</p>	<p>26. Jesus, ons verklaar dat daar in niemand anders verlossing is nie! God het geen ander naam gegee onder die hemel waardeur ons gered kan word nie. (Han. 4:12)</p>	<p>27. Vader beweeg in die harte en gedagtes van vroue in Switserland sodat hulle hulle ongebore kinders sal liefhê en beskerm en die waarde van elke lewe wat U skep sal sien.</p>
<p>28. Dankie, God, vir die <i>Vroue van Hoop</i>-luisteraars in Portugal. Open hulle oë om die behoefte vir U in hul lewens raak te sien en om Jesus Christus as hul Verlosser te aanvaar.</p>	<p>29. Vader, U alleen is ons Rots en ons Verlossing, U is ons Rotsvesting en ons sal nie wankel nie! (Ps. 62:2).</p>	<p>30. God, sal U die Duitsers wat hulle Christelike wortels vergeet het, geestelik wakker maak? Asem U lewe in hierdie nasie.</p>
<p>31. Vader, ons bid dat mans en vroue in U naam sal glo en U in hulle lewens sal ontvang sodat U vir hulle mag kan gee om U seuns en dogters te word. (Joh. 1:12)</p>		